higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

(8011003)

26 Februarie 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'WAAR' of ONWAAR' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, sit die raamwerk uiteen wat tradisionele leierskap in Suid-Afrika erken.

1.2 Vodacom, Cell C, MTN en Telkom het 'n gesamentlike telekommunikasie-monopolie in Suid-Afrika.

1.3 Die nasionale wetgewende gesag mag wetgewing aanneem, mits die Grondwet daarvoor voorsiening maak.

1.4 Die monarge, konings en/of oppermagtige heersers in die eerste gemeenskappe is dikwels deur die mense op demokratiese wyse verkies.

1.5 Demokratiese regering is onder andere gegrond op beginsels van gelykheid, verteenwoordiging, deursigtigheid en regering deur die mense.

1.6 Die nasionale uitvoerende gesag is daarvoor verantwoordelik om openbare dienste aan die land as geheel te voorsien.

1.7 Elke munisipaliteit het 'n raad wat besluite vir die gebied neem.

1.8 Die justisie-, misdaadvoorkoming- en sekuriteitsbondel moedig vennootskappe met die burgerlike samelewing en ander gemeenskapsgebaseerde organisasies aan.

1.9 Die premier is die staatshoof in die Republiek van Suid-Afrika.

1.10 Die basiese waardes en beginsels wat die staatsadministrasie beheers, soos vervat in Hoofstuk 10 van die Grondwet, is ook op die staatsorgane van toepassing.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM A	
2.1	Suid-Afrikaanse Polisiediens	A	iemand wat die leier is van die provinsiale regering en ook die voorsitter van die provinsie se uitvoerende raad
2.2	Tradisionele Raad	B	statutêre liggaam wat vir elke tradisionele gemeenskap in die lewe geroep is
2.3	NRVP	C	hulle werk vir die administrasie.
2.4	Provinsiale Uitvoerende Raad	D	iemand wat sy/haar land amptelik in 'n ander land verteenwoordig
2.5	Diplomaat	E	hulle tree op om 'n bepaalde provinsie te regeer
2.6	Die Openbare Beskermer en die Verkiesingskommissie	F	hulle vorm deel van tradisionele posisies binne die instellings van tradisionele leierskap
2.7	Koningskap en hoofmanskap	G	verantwoordelik vir veroordeelde en oortreders wat gevonnis is
2.8	Beamptes van die munisipale raad	H	Nasionale Raad van Provinsies
2.9	Premier	I	voorbeelde van instellings wat die grondwetlike demokrasie in die republiek versterk
2.10	Die Departement Korrektiewe Dienste	J	verantwoordelik vir die voorkoming, bestryding en ondersoek van misdaad

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Die vlakke en regeringsfere verwys na die verspreiding van regerings- (a) ... van (b) ... tot (c) ... regeringsliggame (3)

3.2 Die term *tradisionele leiers* word breedweg gebruik om (a) ... , stamhoofde en hoofmanne in te sluit, wat saam 'n (b) ... vorm. (c) ... . (3)

3.3 Die (a) ... is verantwoordelik vir dienste, waaronder telefoondienste in die South African Broadcasting Corporation en die Suid-Afrikaanse Poskantoor. (1)

3.4 Die term (a) ... verwys na die uitsluitlike reg om politieke beheer uit te oefen, terwyl die term (b) ... na die oppermagtige heerser of koning/koningin verwys. (2)

3.5 Die nasionale algemene kiesersrol is 'n lys van mense wat toegelaat word om in Suid-Afrika te (a) .... (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 In Suid-Afrika is die parlement in Kaapstad geleë.

Kan die ligging verander word en hoe? (2)

4.2 Beskryf kortliks die term *gemeenskapspolisiëring.* (8)

[10]

VRAAG 5

5.1 Bespreek parlement in Suid-Afrikaanse verband. (4)

5.2 Bespreek die premier se funksie wat betref sy/haar uitvoerende gesag. (5)

5.3 Die Grondwet maak daarvoor voorsiening dat die president uit sy amp verwyder kan word op sekere voorwaardes.

Identifiseer DRIE van hierdie voorwaardes en 'n praktiese voorbeeld van elkeen. (3 × 2) (6)

5.4 Noem VYF funksies van die plaaslike regering ingevolge artikel 152(1) van die Grondwet. (5)

[20]

VRAAG 6

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

Mnr Bibi Ngkapele is 'n ANC-staatmaker en die plaaslike leier van Wyk 30 in die Ga-Rankuwa munisipaliteit. Tydens die voorverkiesingsveldtog vir die munisipale verkiesing in Augustus 2016 was hy aktief betrokke by deur-tot-deur-veldtog vir sy party en die verspreiding van pamflette en T-hemde in die omringende gebiede.

In die aanloop tot die verkiesing het sy taktiek meer militant geword en hy het 'n massavergadering byeengeroep by 'n plaaslike stadion wat hy luidkeels aangekondig het die Ga-Rankuwa-township om die nywerheidsgebied tot stilstand sou bring. Hy het gewaarsku dat daar padversperrings, aanvalle op mense wat werk toe gaan en kinders wat skool toe gaan sou wees.

6.1 Identifiseer VIER staatsdepartemente en verduidelik hoe hulle betrokke sal wees by die hantering van die optog in die feitestel hierbo.

NOTA AAN LEERDER: Jy moet VIER van die staatsdepartemente noem wat betrokke sal wees vir een punt elk en jy moet verduidelik hoe elkeen van die departemente betrokke sal wees vir die ander punt. (4 × 2) (8)

6.2 Identifiseer die SES rolspelers by die samestelling van die munisipale raad en verduidelik elkeen se verantwoordelikheid in bogenoemde feitestel.

NOTA AAN LEERDER: Jy moet elkeen van die munisipale raadslede noem vir een punt en hulle verantwoordelikheid verduidelik by wyse van 'n voorbeeld vir een punt elk. (6 × 2) (12)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 Beskryf die beginsels van regering van samewerking en interregeringsverhoudings (10)

7.2 Bespreek die Wet op die Interregeringsverhoudingsraamwerk wat regeringstrukture help om geskille op te los.

NOTA AAN LEERDER: Jou bespreking moet die agtergrond van die Wet insluit en die stappe wat die regeringsfere moet volg om hul geskille op te los. (10)

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou